

INTONASIEPATRONE IN AFRIKAANSE VRAAGSINNE - 'N VERKENNING

Daan Wissing

Navorsingseenheid vir Fonetiek en Fonologie/Departement Afrikaans en Nederlands, PUCHO

en

Gerhard van Huyssteen

Departement Afrikaans en Nederlands, PUCHO

1. INLEIDING

Veralgemenende stellings word dikwels oor intonasiepatrone in Afrikaanse vraagsinne gemaak. Dit word byvoorbeeld alom in Afrikaanse bronne aanvaar dat vraagsinne met dieselfde woordorde as stelsinne 'n stygtoon volg (vergelyk Le Roux & Pienaar, 1927: 182; Pienaar, 1939: 96; Van Wyk, 1977: 173; Van Jaarsveld, 1982: 292-303; Coetzee, 1985³: 71 en Odendal, 1989: 181). Verder word dit ook algemeen aanvaar dat vraagsinne wat ingelei word deur vraagwoorde 'n daaltoon aan die einde vertoon (vergelyk onder andere Van Jaarsveld, 1982: 292-303 en Coetzee, 1985³: 71).

Wanneer hierdie stellings aan die hand van die Afrikaanse taalwerklikheid getoets word, blyk dit simplisties te wees. Van Jaarsveld merk daarom ook tereg op dat die studie van intonasiepatrone in Afrikaans 'n veld is wat "roep om sistematiese ondersoek" (Van Jaarsveld, 1982: 292).

Navorsing oor intonasie blyk egter gekompliseerd en een van die moeilikste terreine van taalkundige beskrywing te wees (Taylor, 1989: 158). Nie net moet 'n formele beskrywende raamwerk daargestel word nie, maar moet alle semantiese aspekte ook in berekening gebring word (Taylor, 1989: 158). Ook pragmatiese faktore behoort oorweging te geniet in die beskrywing van die intonasiepatrone van vraagsinne. Verder blyk dit ook dat dit by vraagsinne nie net oor sinseindtoon gaan nie, maar dat die begintonn ook 'n bepalende rol speel (vergelyk ook Van Jaarsveld, 1982: 293).

Aan die ander kant is die problematiek rondom 'n tipering van Afrikaanse vraagsinne nie eenduidig nie: om bloot te onderskei tussen vraagsinne met dieselfde woordorde as stelsinne en vraagsinne wat ingelei word deur vraagwoorde, is 'n miskenning van die omvang van Afrikaanse

vraagsinne. Dit sou dus ook nodig wees om 'n bevredigende tipering te doen van Afrikaanse vraagsinne.

Hierdie en ander faktore behoort 'n belangrike rol te speel in 'n poging tot 'n realistiese beskrywing van intonasiepatrone in Afrikaanse vraagsinne. In *Foundations of Cognitive Grammar II* som Langacker (1991: 505-506) enkele faktore op wat aandag moet geniet in die beskrywing van vraagsinne:

- **'n Kognitiewe vraagstellingsraamwerk;**
- **Die betekenis van vraagwoorde** (die sogenaamde "WH-words");
- **Die semantiese waarde van spilwerkwoordverskuiwing;**
- **Die konseptuele waarde van die aanvangsposisie van die sin;** en
- **Intonasie.**

In hierdie artikel wil ons spesifiek fokus op laasgenoemde faktor. Die omvang van 'n artikel soos hierdie laat ons egter toe om nóg 'n omvattende tipering nóg 'n beskrywende raamwerk te ontwikkel. Ons fokus daarom alleen maar op prototipiese Afrikaanse vraagsinne en die intonasiepatrone van sodanige sinne. Die bydrae van hierdie navorsing lê dus daarin dat ons:

- i) aanduidings gaan gee van wat moontlik die prototipiese Afrikaanse vraagsin is; en
- ii) vooruitskouings gaan gee van 'n empiries-gebaseerde beskrywing van intonasiepatrone in sodanige vraagsinne.

Die toetse vir prototipisiteit is gedoen deur twee groepe moedertaalsprekers van Afrikaans te laat deelneem aan die eksperiment. Meer besonderhede word later verskaf oor die proefpersone, die opstelling van die eksperimente, ensovoorts.

Deur die intonasiepatrone in prototipiese Afrikaanse vraagsinne empiries te ondersoek en te beskryf, wil ons 'n bydrae lewer tot 'n adekwate beskrywing van vraagsinne in Afrikaans¹.

2. PROTOTIPIESE AFRIKAANSE VRAAGSINNE

2.1 Wat is 'n "prototipe"?

Een van die sentrale uitgangspunte van die Kognitiewe Linguistiek is dat kategorisering nie suiwer in Aristoteliaanse alles-of-niks-terme plaasvind nie, maar dat prototipisiteit 'n belangrike deel uitmaak van die menslike kategoriseringsvermoë (vergelyk onder andere Lakoff 1988: 130). Betreffende prototipes het navorsing binne die Kognitiewe Linguistiek tot dusver hoofsaaklik gefokus op die leksikon en semantiese verskynsels. Taylor (1989) het egter inleidend aangetoon dat die Prototipe Teorie (wat hoofsaaklik ontwikkel is deur Rosch en haar medewerkers - vergelyk onder andere Rosch & Lloyd, 1978) ook suksesvol toegepas kan word op ander taalkundige terreine.

Met betrekking tot sintaktiese kategorieë sou ons kon sê dat die prototipe **daardie element van die sintaktiese kategorie is wat die verteenwoordigendste is van die kategorie**. Vergelyk byvoorbeeld die volgende voorbeelde:

(1) Die man skop die hond.

(2) Skop die hond!

In terme van 'n tradisionele tipering, sou ons kon sê dat (1) meer verteenwoordig van die sintaktiese kategorie *stelsin* is as wat (2) is. Aangesien Taylor (1989: 155) argumenteer dat sintaktiese kategorieë as polisemies beskou kan word, bestaan die moontlikheid egter dat sinne nie net tot een sintaktiese kategorie behoort nie, maar dat dit onder bepaalde omstandighede in verskeie kategorieë kan val (vergelyk ook Givón, 1986). In terme van bogenoemde Afrikaanse bronne, sou (1) byvoorbeeld ook as vraagsin gekategoriseer kon word indien dit met 'n stygende eindintonasie uitgespreek word. Dit impliseer dat, in teenstelling met tradisionele benaderings, nie net woordorde alleen die kategorieelidmaatskap bepaal nie, maar dat ander faktore (byvoorbeeld funksionele en pragmatiese faktore) ook in ag geneem moet word (Givón, 1989: 38).

Binne die Kognitiewe Linguistiek word daar dus nie noodwendig gepoog om die prototipiese lid van 'n kategorie te identifiseer nie, maar om eerder te verwys na die grade van prototipisiteit (vergelyk ook Rosch, 1978: 40 en Wittgenstein, 1953 in hierdie verband). So het Givón (1986, 1989, 1995) byvoorbeeld telkens aangetoon dat grammatikale elemente op 'n bepaalde kontinuum gekategoriseer kan word, eerder as in absolute kategorieë. Hy demonstreer dié uitgangspunt onder andere aan die hand van vraagsinne (Givón, 1986) deur te beweer dat daar

ʼn sintaktiese en semantiese kontinuum bestaan tussen die prototipiese stelsin en die prototipiese inversievraag². Met betrekking tot Afrikaans sou ʼn mens ʼn soortgelyke kontinuum kon voorstel. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- a) Hy is lief vir haar (mees prototipiese stelsin)
- b) Hy is lief vir haar, dink ek.
- c) Hy is lief vir haar, nê?
- d) Hy is lief vir haar, nie waar nie?
- e) Hy is lief vir haar, is hy nie?
- f) Is hy lief vir haar? (mees prototipiese inversievraag)

ʼn Belangrike deel van navorsing rondom Afrikaanse vraagsinne sou egter wees om vas te stel wat die prototipiese vraagsinkonstruksie is. Nie net sou dit meer duidelikheid kon gee rondom die mens se algemene kategoriseringsbeginsels nie, maar sou dit ook lig kon werp op die gebruik en voorkoms van vraagsinne in Afrikaans.

2.2 Toetse vir prototipisiteit

Aangesien veralgemenende stellings dikwels gemaak word oor vraagsinne, sal ons met hierdie navorsing eerder poog om deur middel van ʼn aantal empiriese toetse (en hoofsaaklik persepsietoetse) die prototipiese Afrikaanse vraagsin te bepaal. Dit opsigself vra vir omvattende navorsing, en daarom volstaan ons in hierdie artikel met verkennende toetse en inleidende opmerkings.

Die volgende toetse (wat algemeen gebruik word om prototipiese lede van ʼn kategorie vas te stel - vergelyk Lakoff 1987: 41-42), is in hierdie navorsing gebruik om die prototipiese vraagsin te bepaal:

- Persepsietoets:
 - Direkte takseringstoets (visueel)
- Produksietoets

2.2.1 Direkte takseringstoets

Rasionaal van toets

Hierdie toets het ten doel om te bepaal watter tipe vraagsin respondente beskou as die mees verteenwoordigende van die kategorie “vraagsin”. Die toets fokus slegs op verskillende soorte vraagsinne (byvoorbeeld inversievrae en intonasievrae), en nie op algemene sinstipes nie (byvoorbeeld stelsinne en uitroepsinne).

Beskrywing van toets

Proefpersone

Twee groepe respondente is gebruik. Die hoofgroep het bestaan uit nege en veertig (49) eerstejaarstudente aan die PUCHO. Vir die kontrolegroep is gebruikgemaak van een en veertig (41) tweedejaarstudente aan die PUCHO. Al die respondente was moedertaalsprekers van Afrikaans, en was ingeskryf vir `n kursus in die vak Afrikaans en Nedelands. Die veronderstelling is gemaak dat respondente redelik verteenwoordigend is van die sprekersgemeenskap van Standaardafrikaans, sonder om een spesifieke sosiolek uit te sonder.

Stimulusmateriaal

Dertig (30) vraagsinne is twee-twee in vyftien (15) groepe gerangskik (vergelyk Tabel 1). Ten einde pragmatiese en semantiese faktore in ag te neem, wissel die groepsamestelling van semanties-verbandhoudende sinne (byvoorbeeld *Wat het jy gedoen? X Jy het wat gedoen?*), tot vraagsinne wat semanties glad nie verbandhoudend is nie (byvoorbeeld *Het jy al jou klere gewas? X Wanneer kan ek my ring kom haal?*).

Afneemprosedure

Die voorbeelde is telkens onafhanklik aan respondente gewys op `n oorhoofseprojektor, sonder die keuse om terug te keer na vorige voorbeelde. Respondente is versoek om uit elke groep daardie voorbeeld te kies wat die mees verteenwoordigende is van die kategorie “vraagsin”. Ten einde intuïsie en nie kennis nie te toets, het respondente ongeveer vyf (5) sekondes gehad om `n keuse te maak.

Resultate

Groep	Sin	Tipe vraagsin	Aantal	Persentasie
A	1. Sal jy kan kom?	Inversievraag	48	98%
	2. Jy sal seker nie kan kom nie?	Intonasievraag	1	2%

B	3. Wat het jy gedoen?	W-vraag	43	87.8%
	4. Jy het wat gedoen?	W-eggovraag	6	12.2%
C	5. Jy is lief vir my, nê?	Eindpartikelvraag	20	40.8%
	6. Jy het my lief, het jy nie?	Einddeelgroepvraag	29	59.2%
D	7. Wil jy koek eet?	Inversievraag	13	26.5%
	8. Wat wil jy eet?	W-vraag	36	73.5%
E	9. Hoekom is jy moeg?	W-vraag	20	40.8%
	10. Is jy moeg?	Inversievraag	29	59.2%
F	11. Waar loop die man?	W-vraag	48	98%
	12. Die man loop in die pad?	Intonasievraag	1	2%
G	13. Is sy vir jou die mooiste?	Inversievraag	3	6.1%
	14. Wie is vir jou die mooiste?	W-vraag	46	93.9%
H	15. Jy is tog nie ernstig nie, is jy?	Einddeelgroepvraag	8	16.3%
	16. Is jy ernstig?	Inversievraag	41	83.7%
I	17. Die vrou sit op die bank?	Intonasievraag	1	2%
	18. Sit die vrou op die bank?	Inversievraag	48	98%
J	19. Wie is Gary Palmer?	W-vraag	40	81.6%
	20. Is dit Gary Palmer?	Inversievraag	9	18.4%
K	21. Wie is jou meisie?	W-vraag	25	51%
	22. Hoekom het jy dit gedoen?	W-vraag	24	49%
L	23. Wat is jou naam?	W-vraag	42	85.7%
	24. Wat kan ek vir jou doen?	W-vraag	7	14.3%
M	25. Hoekom is die hemel blou?	W-vraag	34	69.4%
	26. Waarom is die hemel blou?	W-vraag	15	30.6%
N	27. Wat het hy vir jou gesê?	W-vraag	42	85.7%
	28. Hoekom het hy jou uitgejaag?	W-vraag	7	14.3%
O	29. Het jy al jou klere gewas?	Inversievraag	28	57.1%
	30. Wanneer kan ek my ring kom haal?	W-vraag	21	42.9%

Tabel 1: Stimulusmateriaal en resultate van Direkte Takseringstoets

’n Analise van die data bring aan die lig dat w-vrae en inversievrae waarskynlik die mees prototipiese vraagsinkonstruksies is. Dit is veral die data in groepe A, B, F, H en I wat tot hierdie gevolgtrekking lei: die respondente het telkens oorweldigend gekies vir die inversie- en

die w-vrae. `n Mens sou dus kon aflei dat genoemde twee vraagsinkonstruksies waarskynlik die mees prototipiese vraagsinkonstruksies is.

Op `n vraagsinkontinuum sou `n mens egter ook graag wou vasstel watter konstruksie die mees prototipiese vraagsinkonstruksie is. Ons het hipoteties veronderstel dat die w-vrae en inversievrae waarskynlik die mees prototipiese vraagsinkonstruksies sou wees. Daarom is die data in groepe D, E, G, J en O juis so saamgestel ten einde te onderskei tussen w-vrae en inversievrae. Aangesien respondente `n geforseerde keuse moes maak tussen een van die twee voorbeeldsinne, sou `n mens kon bepaal vir watter konstruksie die meeste respondente kies.

In groepe D, G en J het die respondente oortuigend gekies vir die w-vrae. Dít opsigself kan genoegsame bewys wees vir die aanname dat w-vrae die mees prototipiese vraagsinkonstruksie is. Hierdie aanname word bevestig in `n kontrolettoets wat met een en veertig (41) ander respondente gedoen is (vergelyk die resultate van Groep S in Tabel ??).

Groep	Sin	Aantal	Persentasie
P	1. Sal jy kan kom?	41	100%
	2. Jy sal seker nie kan kom nie?	0	0%
Q	3. Wat het jy gedoen?	37	90.2%
	4. Jy het wat gedoen?	4	9.8%
R	5. Jy is lief vir my, nê?	13	31.7%
	6. Jy het my lief, het jy nie?	28	68.3%
S	7. Wil jy koek eet?	7	17.1%
	8. Wat wil jy eet?	34	82.9%
T	9. Hoekom is jy moeg?	15	36.6%
	10. Is jy moeg?	26	63.4%

Die reaksies ten opsigte van die data in Groep E en O (asook in die kontrolettoets se Groep T) verskil egter van die hipotese dat w-vrae meer prototipies is as inversievrae. Let egter daarop dat die verskil tussen die keuses by dié groepe aansienlik minder is as by die ander groepe (E = 18.4%, O = 14.2% en T = 26.8%). Hieruit lei ons af dat dit in hierdie groepe vir die respondente waarskynlik moeiliker was om `n keuse uit te oefen.

Ten opsigte van Groep E (wat dieselfde data bevat as Groep T), sou `n mens die keuse vir die inversievraag kon motiveer vanuit `n meer omvattende diskoersbenadering. `n Mens sou byvoorbeeld kon sê dat `n spreker (S) in alledaagse situasies waarskynlik eers wil vasstel **of** die hoorder (H) moeg is. Indien H wel moeg is, sou S **daarna** eers wil vasstel waarom hy/sy moeg is.

`n Ander verklaring sou kon beweer dat sin 10 sterker geïnstusionaliseerd is as sin 9: sin 10 is met ander woorde op `n instusionaliseringskontinuum meer frekwent en laat minder alternatiewe toe as sin 9. Die sterker geïnstusionaliseerde voorbeeld verkry byna `n clichéagtige status. Hierdie aanname word ook bevestig met die data in Groep L, waar sin 23 ook waarskynlik sterker geïnstusionaliseerd is as sin 24. Sodanige aannames moet egter verder ondersoek word.

`n Kultureel-pragmatiese benadering sou `n waarskynlike beskrywing kon gee van die keuses wat uitgeoefen is in Groep O. Aangesien die respondente eerstejaar studente (tussen die ouderdomme 17 - 20) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is, sou `n mens kon beweer dat `n vraag soos in sin 29 waarskynlik meer frekwent voorkom as dié in sin 30. Die keuse vir sin 29 hang dus moontlik saam met die kulturele verwysingsraamwerk van die respondente. Weereens sou só `n aanname getoets moet word aan verdere navorsing.

Uit die samestelling van die data kan eintlik slegs afleidings gemaak word betreffende w-vrae en inversievrae. Dit blyk egter voorlopig ook dat einddeelgroepevrae (sin 6) meer prototipies is as eindpartikelvrae (sin 5). Die diskriminasie tussen dié twee sinne is egter ook nie beduidend nie (18.4%), en verdere navorsing sal dus die hipotese moet bevestig.

Afleidings met betrekking tot die keuse van vraagwoorde kan ook suksesvol (maar voorlopig) uit die data afgelei word. Die data in groepe K, L, M en N bestaan alles uit w-vrae: die respondente is dus geforseer om `n keuse uit te oefen ten opsigte van die vraagwoorde. Uit die data sou `n mens die volgende kontinuum van prototipiese vraagwoorde kon poneer:

- (1) Wat (mees prototipiese vraagwoord)
- (2) Wie
- (3) Hoekom

(4) Waarom (mins prototipiese vraagwoord)

Die data in die produksietoets (vergelyk 2.2.3) bevestig hierdie hipotese.

2.2.2 Reaksietydtoets

Rasionaal van toets

Ook hierdie toets het ten doel om te bepaal watter tipe vraagsin respondente beskou as die mees verteenwoordigende van die kategorie “vraagsin”. Hoewel alle sinstipes ingesluit word in die toetsbank, fokus die toets slegs op verskillende soorte vraagsinne (byvoorbeeld inversievrae, intonasievrae, ensovoorts), en nie op algemene sinstipes nie (byvoorbeeld stelsinne, uitroepsinne, ensovoorts).

Beskrywing van toets

Die toets word afgeneem met behulp van REKENAARPROGRAM. Sinstipes word een vir een aan die respondent geflits. Die respondent word gevra om `n knoppie te druk om aan te dui of die sin wat aan hom/haar geflits word `n vraagsin is of nie.

Resultate

2.2.3 Produksietoets

Rasionaal van toets

Ten einde vas te stel watter tipe vraagsin prototipies geproduseer word, is hierdie produksietoets opgestel. Die toets sal nie alleen bepaal watter tipe vraagsin prototipies geproduseer word nie, maar kan ook `n aanduiding gee van daardie vraagwoord wat die meeste gebruik word in die produksie van vraagsinne.

Beskrywing van toets

Respondente is versoek om eerstens `n stelsin, tweedens `n bevelsin en derdens `n vraagsin neer te skryf. Geen voorskrifte is gegee nie - die respondent moes alleen maar daardie voorbeeld neerskryf wat eerste in sy/haar gedagtes opduik. Ook is geen aanduiding gegee van die aard en doel van die navorsing nie.

Resultate

Resultate van hierdie toets word saamgevat in die onderstaande tabel:

Vraagsin	Aantal	Persentasie
Inversievraag	5	16,13%
W-vraag	26	83,87%

Uit die verwerking van die data blyk dit duidelik dat:

- respondente intuïtief kies vir òf inversie-konstruksies òf W-konstruksies;
- behalwe inversievrae en w-vrae, respondente vir geen ander vraagsinkonstruksie kies nie; en
- respondente oorweldigend kies vir W-konstruksies.

Dit lei daartoe dat die afleiding gemaak kan word dat W-vrae die mees prototipiese vraagsinkonstruksie is. Ook kan afgelei word dat inversievrae meer prototipies is as ander tipes vraagsinkonstruksies. Op `n kontinuum, sou dit dus as volg voorgestel kon word:

- a) Wat is jou naam? (W-vraag - mees prototipies)
- b) Is jou naam Piet? (Inversievraag)
- c) Jou naam is Piet? (Ander vrae - minder prototipies)

Die toets het ook data voorsien oor die keuse van vraagwoorde. Die data word opgesom in die volgende tabel:

Vraagwoord	Aantal	Persentasie
Wat	10	38,46%
Waar	7	26,92%
Hoekom	3	11,54%

Wie	2	7,69%
Hoe	2	7,69%
Wanneer	1	3,85%
Waarom	1	3,85%

Dit bly asof respondente oorweldigend kies vir *Wat* en *Waar*. Dit sou moontlik 'n aanduiding kon wees dat dié twee woorde die mees prototipiese vraagwoorde is. Verdere en meer omvattende navorsing sou egter die hipotese moet bewys.

2.3 Gevolgtrekkings

Uit bostaande eksperimente kan ons die volgende prototipisiteitskontinuum vir vraagsinne poneer:

- W-vrae (mees prototipies)
- Inversievrae
- Ander vrae: (mins prototipies)
 - A.1) Eindeelgroepvrae
 - A.2) Eindpartikelvrae
 - A.3) Retoriese vrae
 - A.4) Intonasievrae
 - A.5) Skynvrae

Die kategorieë op hierdie kontinuum is egter nie absoluut: soos aangetoon, kan die prototipisiteit van vraagsinne beïnvloed word deur kulturele en pragmatiese faktore. Vraagsinne wat ook op die fonologiese pool geïnstitusioneel is, is meer prototipiese as oorspronklike konstruksies.

Met betrekking tot vraagwoorde sou die volgende kontinuum voorgestel kan word:

- Wat? (mees prototipies)
- Waar?
- Hoekom?
- Wie?

- Hoe?
- Wanneer?
- Waarom? (mins prototopies)

Ook hierdie kontinuum is nie absoluut nie: die kontinuum kan bloot `n aanduiding gee van moontlike kategorisering van vraagwoorde. Alvorens bepaalde afleidings oor dié kategorisering egter gemaak kan word, sal meer uitgebreide empiriese navorsing gedoen moet word.

3. INTONASIEPATRONE IN AFRIKAANSE VRAAGSINNE

Aangesien ons in hierdie artikel slegs vooruitskouings wil gee van `n empiries-gebaseerde beskrywing van intonasiepatrone in Afrikaanse vraagsinne, word hier verslag gedoen van drie empiriese toetse (een produksietoets en twee persepsietoetse) en analises wat met respondente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gedoen is. Hierdie drie toetse behoort `n aanduiding te gee van die tipe toetse wat gedoen moet word in `n omvattende beskrywing van vraagsinne in Afrikaans.

3.1 Metodiek

3.1.1 Dataversameling

Die data vir die produksietoets is gesamentlik deur ons saamgestel. Ons het gepoog om `n verskeidenheid van sinne, en veral dan ook `n verskeidenheid van vraagsinne, in te sluit in die korpus.

Die data vir die persepsietoetse is in `n ateljee op band opgeneem. `n Ses en twintigjarige man het die sinne geïnterpreteer en voorgedra. Vryheid is aan hom gelaat om eie konteks in elk van die sinne in te lees. Die “natuurlikheid” van die sinne is later getoets, deurdat respondente die “natuurlikheid” van die sinne moes beoordeel.

3.1.2 Analisering van data

3.1.2.1 Meetinstrumente

3.1.2.2 Parameters

Temporeel

- Lengte (duur)

Spektraal

- Energie (amplitudes)
- Toonhoogte (Fundamentele Frekwensie - pitch)
- Frekwensie

3.1.3 Resultate

3.1.3.1 Produksietoetse

TOETS 1

Rasionaal van toets

Om die intonasiepatrone in `n verskeidenheid van vraagsinne vas te stel.

Beskrywing van toets

Die onderstaande sinne word aan die respondente gegee. Die respondente moet dan die sinne interpreteer en voorlees op `n band. Respondente word versoek om die sinne nie net voor te lees nie, maar om dit so natuurlik as moontlik weer te gee.

- 1) Hoe ver is die Bult?
- 2) Studente weet nie eers hoe ver die Bult is nie.
- 3) Moenie in jou neus krap nie.
- 4) Studente weet nie eers hoe ver die Bult is nie?
- 5) Het jou kop jou gelos?
- 6) Wat nie nodig is nie, moet nie gedoen word nie.

- 7) Die somer is baie koud?
- 8) Hoekom mans so ongeskik is, gaan my verstand te bowe.
- 9) Jy hou van pampoens, nie waar nie?
- 10) Die musiek irriteer jou?
- 11) Jy is seker honger, nê?
- 12) Het jy gisteraand bier gedrink?
- 13) Huh?
- 14) Wie het die prys gewen?
- 15) Maak asseblief die venster toe.
- 16) Vertel my meer.
- 17) Praat jy gewoonlik so hard?
- 18) So?
- 19) Hoeveel kuikens is daar?
- 20) Elmarie?

Resultaat

3.1.3.2 Persepsietoets

TOETS 2

Rasionaal van toets

Om die invloed van intonasie op die resepsie van sintipes te bepaal.

Beskrywing van toets

’n Aantal sinne wat op band opgeneem is, word aan studente voorgespeel (dieselfde sinne wat in Toets 1 gebruik is, is ook in hierdie toets gebruik). Respondente moet telkens aantoon watter soort sin voorgelees word.

Resultaat

TOETS 3

Rasionaal van toets

Om te bepaal watter intonasiepatroon as die mees natuurlike in vraagsinne geresepier word.

Beskrywing van toets

Onderstaande vyf pare sinne word aan respondente voorgespeel op band. By elke paar moet respondente kies watter een van die twee sinne die mees natuurlike is.

A.1) Is die Universiteit al gesluit?

A.2) Is die Universiteit al gesluit?

B.1) Wat het jy gedoen?

B.2) Wat het jy gedoen?

C.1) Jy het my lief, het jy nie?

C.2) Jy het my lief, het jy nie?

D.1) Wil jy koek eet?

D.2) Wil jy koek eet?

E.1) Hoekom is jy moeg?

E.2) Hoekom is jy moeg?

Resultaat

3.2 Gevolgtrekkings

4. SLOTOPMERKINGS

5. BIBLIOGRAFIE

- Bolinger, D. 1980. Intonation and "Nature". In: Foster, M.L. & Brandes, S.H. (eds.). ???:
Academic Press.
- Coetzee, A.E. 1985³. *Fonetiek*. Pretoria: Academica.
- Foster, M.L. & Brandes, S.H. (eds.). 1980. *Symbol as sense*. ???: Academic Press.
- Givón, T. 1986. Prototypes: Between Plato and Wittgenstein. In Craig, C. (ed.). *Noun classes
and categorization*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 77-102.
- Givón, T. 1989. *Mind, code and context*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum.
- Givón, T. 1995. *Functionalism and grammar*. Amsterdam: John Benjamins.
- Koekemoer, J. & Van Huyssteen, G.B. In voorbereiding. *Antesedentherhaling in vokatiewe: 'n
kognitiewe en sosiolinguistiese perspektief op anaforiek*.
- Lakoff, G. 1988. Cognitive Semantics. In Eco, U., Santambrogio, M. & Violi, P. (eds.).
Meaning and mental representation. Bloomington: Indiana University Press. pp. 119-
154.
- Langacker, R.W. 1987. *Foundations of Cognitive Grammar. Vol. 1: Theoretical Prerequisites*.
Stanford: Stanford University Press.
- Langacker, R.W. 1991. *Foundations of Cognitive Grammar II*. Stanford: Stanford University
Press.
- Le Roux, T.H. & Pienaar, R. de V. 1927. *Afrikaanse Fonetiek*. Kaapstad: Juta.
- Lieberman, P. 1967. *Intonation, Perception, and Language*. Cambridge: The MIT Press.
- Lindström, O. 1978. *Aspects of English Intonation*. ???: Acta Universitatis Gothoburgensis.
- Odendal, F.F. 1989. Afrikaanse Fonetiek. In Botha, T.J.R. (hoofred.). *Inleiding tot die
Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica. pp. 155-187.
- Pienaar, P. de V. 1939. *Praat u beskaaf?*. ???: Voortrekkerpers.
- Rosch, E. 1978. Principles of categorization. In Rosch, E. & Lloyd, B.B. (eds.). *Cognition and
categorization*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates. pp. 27-48.

- Rosch, E. & Lloyd, B.B. (eds.). 1978. *Cognition and categorization*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates.
- Taylor, J.R. 1989. *Linguistic categorization*. Oxford: Clarendon Press.
- Van Jaarsveld, G.J. 1982. Vraagstelling. In: Van Jaarsveld, G.J. (red.). Johannesburg: McGraw-Hill.
- Van Jaarsveld, G.J. (red.). 1982. *Wat sê jy?* Johannesburg: McGraw-Hill.
- Van Wyk, E.B. 1977. *Praktiese Fonetiek vir taalstudente*. ???: Butterworth.
- Wittgenstein, L. 1953. *Philosophical Investigations*. New York: Macmillan.

Ons sal eerstens aantoon dat weinig navorsing oor intonasiepatrone in Afrikaans (en spesifiek met betrekking tot vraagsinne) gedoen is wat empiries-verantwoordbaar is. Ook word daar dikwels veralgemenende stellings gemaak met betrekking tot intonasiepatrone in vraagsinne, wat 'n bepaalde wanindruk skep van die taalwerklikheid. Hierdie stellings kan tot 'n groot mate weerlê word deur 'n deeglike analise van oorspronklike data te doen.

Vervolgens sal ons enkele verteenwoordigende sinne binne 'n kognitiewe vraagstellingsraamwerk situeer en daarna analiseer. Op die manier sal ons 'n redelik akkurate en kognitief-realistiese beskrywing kan gee van intonasiepatrone in Afrikaanse vraagsinne.

EINDNOTAS

- ¹ Hierdie artikel is deel van 'n omvattende navorsingsprojek oor Afrikaanse vraagsinne wat gedoen word binne die Navorsingsinstituut vir Fonetiek en Fonologie en die Departement Afrikaans en Nederlands aan die PUCHO. Bydraes van Marelize Leyden en Wilmarie Uys word hiermee met dank erken.
- ² Ter wille van eenvormigheid maak ons in hierdie artikel gebruik van Oosthuizen (1978) se terminologie ten opsigte van 'n vraagsintipologie (byvoorbeeld inversievraag, w-vraag, einddeelvraag, intonasievraag en eggovraag).